Dinsdag 5 Mei

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:22-28

Fokusgedeelte: Matteus 6:10 en HK Sondag 48

God se genade laat ons as koninkryksburgers bid om die koms van sy koninkryk

Daardie dag wanneer die Here Jesus Christus weer kom, sal elke knie buig en elke tong bely dat Jesus God is (Rom. 14:11). Dan sal die Koninkryk van God volledig sigbaar wees. God se Koningskap in Jesus Christus sal vir almal duidelik wees en almal sal voor die Koning van die konings neerbuig.

Tot dan moet ons die tweede bede bid: *Laat u Koninkryk kom*. Laat u Koningskap sigbaar word sodat mense voor U sal neerbuig.

As ons as mense maar net die Koningskap van God wil raaksien en erken. Van nature doen ons dit nie omdat ons eerder onsself tot koning wil verhef en eerder gemaklik is om onder die koningskap van die wêreld en die Bose te lewe. Dit pas ons beter.

Genadiglik is dit ook nie waar dat God se Koningskap met die sondeval opgehou het nie. Hy het nie geabdikeer nie. Genadiglik het Jesus Christus in hierdie mensveroorsaakte chaos ingekom en so die Koninkryk van God duidelik sigbaar laat word. Hy het deur die pad van lyding en verhoging heen opgevaar om die Koningsposisie aan die regterhand van God in te neem. Hy regeer nou as Koning, deur sy Woord en sy Gees.

En Hy sal regeer tot op die dag ... wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en krag vernietig het. Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het (1 Kor. 15:22-28). Intussen, vandag, leef ons in hierdie spanningsveld van die reeds en die nog nie.

Hieroor gaan die tweede bede. Dit begin by myself: *"Ons Hemelse Vader – Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp"* (Heidelbergse Kategismus, Sondag 48). Biddend lewe ek en jy, gehoorsaam doenend, verkondigend, neerbuigend, uitnodigend in die teenwoordigheid van die Koning van die konings. In my lewe regeer Jesus Christus. Wil jy nie ook hier kom lewe nie? Ek nooi jou uit. Kom bid saam met my: "Ons Vader wat in die hemel is – laat u Koninkryk kom."

*Sing: Psalm 99-1:1, 5*

*Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)*